

18 Julie

Skrifgedeelte: Psalm 108
Fokusgedeelte: Psalm 108

'n Middernag-Psalm?

Daar is 'n paar dinge wat dit laat lyk asof dit kort vantevore nog baie donker moes gewees het toe Dawid Psalm 108 gedig het:

- D
ie blote feit dat Dawid sê dat hy vroeg wil opstaan en die rooidag wakker wil maak (vs 3), wys al dat dit waarskynlik nag was toe die psalm gedig is. 'n Mens wil nie die rooidag *tydens* die dag wakker maak nie.
- D
awid sê ook (vs 2): “Ek voel *weer* veilig.” Hy het dus vroeër veilig gevoel, toe nié en nou weer.
- D
ie baie oorlogstaal teen die einde van die psalm wys ook dat dit in hierdie sin “nag” vir Dawid-hulle kon gewees het.
- D
ie donker kom egter die duidelikste na vore as Dawid vra of God hulle verstoot het en nie meer saam met die weermag uittrek nie (vs 12)? (Lees vers 11, '53 vertaling.)

Het jy nie ook al so 'n omvattende donkerte beleef toe dit letterlik én figuurlik nag om jou was nie? Pikdonker nag!

En tog ... Dawid vertel ons nie soseer hoe donker dit in sy lewe was nie. Hy vertel ons opgewonde van die Here se troue liefde te midde van die donkerte. Vers 5: “U liefde reik tot in die hemel, u trou tot in die wolke.”

En hoe het God nie hierdie troue liefde in ons lewens openbaar nie? In daardie drie donker ure aan die kruis. Toe het Jesus die helse donker wat oor ons moes neergesak het, in ons plek beleef en die straf op ons donkere boosheid en sonde gedra. Toe is Hy verlaat, sodat God ons nooit weer sal verlaat nie.

Dis waarom Dawid die rooidag met 'n *loflied* wil wakker maak. Dis waarom hy almal, selfs die nasies (vs 4) van die Here se troue liefde wil vertel. Hy het immers ook hierdie troue liefde van God leer ken en wil dit teenoor almal uitjubel.

Mag die Here jou ook só onder die indruk van sy troue liefde bring, dat jy nie kan wag om dit uit te jubel teenoor almal met wie jy vandag in aanraking kom nie. Deur Jesus Christus is ons en elkeen wat in Hom glo, nou weer veilig by God. (Lees gerus ook Handeling 16:16-25.)

Sing: Psalm 42:1, 5

Dr. DF Muller (Buffeldoorns)